# RAKKER

R — Respek / Respect
A — Authentic / Oorspronklik
K — Kreatief / Creative
K — Kommunikasie / Communication
E — Entoesiasme / Enthusiastic
R — Responsibility / Verantwoordelikheid




Op Vrydag, 14 Oktober het die graadeens hul oupas, oumas en geliefdes vir ons jaarlikse *Herfs Legendesdag,* genooi. Elke grootouer speel 'n kardinale rol in hul kleinkinders se lewens. Almal het dié spesiale dag terdeë geniet.




## ⭐ Rakker Kultuur-Sterre ⭐





Baie geluk aan die Junior Revue-groep wat die trofee vir kategoriewenners met 'n A++ prestasie by die *Centurion Kunstefees* ontvang het. *Midstream Ridge* is baie trots op julle!




Die musieksentrum het geskiedenis gemaak deur by die onlangse *Centurion Kunstefees* 'n trofee vir die meeste punte in die *Instrumentale afdeling* te ontvang. Die *Kobus Keyter Wisseltrofee* is die vorige agt jaar deur hoërskole ingepalm. *Midstream Ridge* is die eerste laerskool wat dié prestasie te beurt val. Ons is baie trots op die leerders wat ons naam so hoog gehou het. Julle het seker gemaak dat almal deeglik kennis neem van *Midstream Ridge Musieksentrum* - 'n gedugte teenstander!

# Uit die Hoof se Kantoor



**Die einde van 'n loopbaan, die begin van 'n nuwe fase.....** Hoe kan ons ooit dankie sê vir 43 jaar se volgehoue, harde werk - soveel lewens wat aangeraak is en kinders wat gedryf is om hulle volle potensiaal te bereik. Mariëtte de Bruin is so 'n onderwyseres en het soveel lewens aangeraak. En nou, nou het die ouderdom sy opwagting gemaak. Nou moet ons groet op 'n rype ouderdom van 65. As mens na haar kyk en haar energie sien, wie sou dit kon raai? Ons kan net dankie sê vir 'n onderwyser wat altyd haar kinders in die klas eerste gestel het. Haar passie en kennis sal vir altyd gemis word. Mariëtte, dit was vir elkeen van ons 'n groot voorreg om saam met jou, ons kinders en gemeenskap te dien. Dankie vir jou mooi voorbeeld van hoë gehalte onderrig, asook jou leiding aan kollegas. Geniet jou aftrede, ons gaan jou volgende jaar baie mis. Ons glo dat ons nog op 'n ander manier 'n paadjie kan saamstap. Ons groet jou met 'n traan in die oog en die onderwysberoep eer jou as mens. Sterkte en mooi loop.

Dit is ook met groot hartseer dat ons van nog drie van ons baie waardevolle en geliefde personeellede moet afskeid neem.
Me. Jenna Gordon het haar Meestersgraad voltooi en is nou 'n gekwalifiseerde Opvoedkundige Sielkundige. Ons gaan haar sagte benadering baie mis.
Me. Lindsey Davis vertrek saam met haar man na Kaapstad waar hy 'n nuwe werk begin. Haar groot deernis met kinders sal baie gemis word.
Me. Ashley Donaldson verhuis volgende jaar na Australië. Ons is dankbaar vir die spore wat sy agterlaat.
Ons wens al drie dames sterkte toe met die nuwe opwindende toekomsplanne.

## RAKKER BROKKIES

### BEËINDIGING VAN NASKOOLDIENSTE

- Indien u nie meer van die naskooldienste gebruik wil maak nie, moet u een volle maand, skriftelik, per e-pos aan stevens@midstreamridgeprimary.co.za kennisgee, of u kennisname per hand by een van die nasorgonderwysers aflewer. Indien een maand se skriftelike kennisgewing nie ontvang word nie, sal u rekening met nog 'n maand gedebiteer word.
- **Neem asseblief kennis dat geen verandering en/of kansellasie rakende naskoolbywoning vir of tydens die laaste kwartaal van die skooljaar, aanvaar sal word nie.**
- Alle leerders moet ook asseblief by sy of haar onderwyser uitgeteken word, geen leerders mag hek toe gestuur word om daar te wag nie. Vir leerders wat huis toe stap, moet ouers asseblief per e-pos toestemming gee, sodat die leerder die skool op 'n sekere tyd elke dag mag verlaat en dat die betrokke onderwyser die leerder dan mag uitteken. Die e-pos kan aan sherselman66@gmail.com gestuur word. Indien u kind saam met iemand anders huis toe gaan, moet daar asseblief vooraf met die betrokke onderwyser gekommunikeer word. Indien die inligting nie gekommunikeer word nie, sal u kind nie verskoon word nie. Indien u kind afwesig is, moet u die betrokke onderwyser asseblief voor 09:00 soggens laat weet.
- Merk asseblief u kind se klere en persoonlike besittings sodat ons items wat agterbly, veilig kan hou totdat u kind dit opeis.
- U kind se aktiwiteite (tyd en plek) moet asseblief aan die betrokke onderwyser gekommunikeer word.
- Die naskool sluit om 17:30. Indien u gaan laat wees, tref asseblief reëlings, sodat u kind betyds afgehaal kan word.

**Boekbestellings: 2023**

**Kwartaalkalender: 2023**

***Bybelgenootskap*-projek: Bybelboksies**

***TRUTH*: Kossakprojek**

"Dit lyk altyd onmoontlik totdat dit gedoen is."

## NOVEMBER EKSAMEN

Die November-eksamen is om die draai. Ouers en leerders kan verseker wees dat die onderwysers die leerders goed vir die eksamen voorberei.
Klik hier vir die **EKSAMENROOSTER**

**Reëlings:**


- Gr. 4- en 5-leerders skryf in hul klaskamers.
- Gr. 6- en 7-leerders skryf in die skoolsaal.
- Op Woensdag, 10 November vanaf 10:00, word elke leerder by sy/haar eksamenbank geplaas, waar hul vir tydens die eksamen, elke vraestel sal skryf.
- Ons versoek vriendelik dat leerders stiptelik om 07:30 by die skool is, om te verseker dat almal kalm en rustig is voordat die sessie begin.
- Van 07:30 – 07:45 word register geneem en skriflesing en gebed vind plaas.
- Van 07:45 – 08:00 word vraestelle uitgedeel en saam met leerders deurgegaan. Gr. 4 se vraestelle word vir hulle gelees. Daar is genoeg tyd vir leerders om 'n vraestel te voltooi.
- Gr. 4-leerders moet asb. hul leerwerk vir die volgende dag saambring skool toe.
- Die skool kom 10:00 vir graad 4 tot 7 uit.
- Daar sal wagklas van 10:00 tot 13:30 wees, waar leerders vir die volgende vraestel kan studeer.
- Naskoolleerders gaan om 12:00 na hul onderskeie naskoolklasse.

**Siekte tydens eksamen:**

- Indien 'n leerder tydens die eksamen siek word, benodig die skool 'n doktersbrief.
- Die vakonderwyser sal met ouers reëlings tref om die vraestel in te haal.


**Ekstrastudiemateriaal:**

Ouers moet asseblief daarop let dat vorige kwartaaltoetse nie noodwendig alle werk dek wat op die afbakening verskyn nie. Indien u vorige toetse ens. gebruik, oefen slegs dit wat van toepassing is om verwarring te voorkom.




## CASTLE WALK SKRYFBEHOEFTES

Neem asseblief kennis van die boekwinkel se nuwe adres:
***Suite 003, Shopping on Ridgeway Drive***
***Midstream Ridge Estate***
***Midstream Ridge Sport Centre***




## TENNIS

Die Tenniskampioenskappe sal regdeur die kwartaal voortgaan. Tye en datums van hierdie wedstryde sal deur afrigter, Braden, gereël word en via die *Tennis MidRidge School WhatsApp*-groep gekommunikeer word. Dit is baie belangrik dat die spelers hierdie wedstryde speel, aangesien die uitslag die ligaspanne vir 2023 sal bepaal. Neem asseblief kennis dat daar geen ontwikkelingsoefensessies vir graad 3 tot 7-leerders sal wees nie as gevolg van die uitspeelwedstryde wat plaasvind.
Die graadeens en graadtwees se ontwikkelingstennisoefeninge sal voortgaan tot die einde van hierdie kwartaal. Die tye verander egter na
**Maandae en Vrydae om 12:15 – 13:00**
as gevolg van die skool wat vanaf Maandag, 7 November, vroeër uitkom.




## MIDSTREAM HEKWAGTE KERSFEES-"*HAMPERS*"

Ons het twee ongelooflike weke gehad met al die bydraes wat ingekom het. As jy tot die sekuriteitswagte se kerskosmandjies wil bydra, stuur asseblief 'n e-pos aan vikkis@bakwena.co.za. Die koste beloop R135 per wag en dit dek al die verskillende landgoedere in *Midstream*. Dit beteken so baie vir die wagte, so kom ons maak hulle Kersfees weer spesiaal.

## TOERINLIGTING

Neem asseblief kennis van die onderstaande skakels rakende die graadtoere/aktiwiteite wat ook reeds op *Google Classroom* geplaas is:

**Graad 1 – Pret in die Son – Dagkamp**
**Graad 2 – Pret in die Son – Dagkamp**
**Graad 3 – Pret in die Son – Dagkamp**
**Graad 4 – Toer na Sediba Kwêle**
**Graad 5 – Toer na Konka**
**Graad 6 – Toer na Elandskloof Trout Farm**
**Graad 7 – Toer na Meulstroom**

**Skakel asseblief vir mnr. Hannes Lambrechts vir ENIGE navrae by hannesl@midstreamridgeprimary.co.za**

# Nog Rakker-Sterre

Ons o/13 dag/nag-krieketspan is genooi om van 12 tot 14 Oktober aan *Jan Cilliers* se eerste dag/nag-toernooi te speel.
Hul het teen die volgende spanne in rondomtalie-fases, gespeel:
*Laerskool Jan Cilliers*
*Leeuwenhof Akademie*
*St Davids Marist Inanda*
*Bryanston Parallel Medium Skool*
Die span het na die semi-finaal deurgedring waar hul *Bryanston* met nege paaltjies gewen het en teen die gashere in die finaal moes speel. Ons het die eerste *Jan Cilliers Dag/Nag Toernooi*-wenners geword, deur die gashere met ses paaltjies te klop.
Ons wil graag ons o/12 A-span en o/13 A-span gelukwens wat na die *NCU B-liga* finaal deurgedring het nadat hulle Dinsdag hul halfeindronde gewen het.
Ons o/12 A-span het *Laerskool Bakenkop* met 61 lopies geklop.
Ons o/13 A-span het *Laerskool Swartkop* met 107 lopies geklop.










*Midstream Ridge Laerskool* het Saterdag, 15 Oktober, aan die *Laerskool Fontainebleau* se *Top Twintig*-atletiekbyeenkoms saam met een en dertig skole deelgeneem.
Twaalf van ons atlete het aan vier en twintig items deelgeneem.
Ons het vier goue, agt sliwer en drie bronsmedaljes verower.
**Heinrich Becker** stel 'n nuwe rekord in die o/12-seuns hoogspring met 'n hoogte van 1.49m op.
**Christiaan Ruatenbach** stel ook 'n nuwe rekord in die o/10-seuns hoogspring met 'n hoogte van 1.36m op.
**Dandré Brink** breek die 200m-rekord met 'n tyd van 24.32s.
Welgedaan!









